# VRL BELEID

## HOËR LANDBOUSKOOL MARLOW
## HERSIEN: SEPTEMBER 2026










Hoër Landbouskool Marlow
(048) 881 3121
www.marlow.co.za
facebook.com/wolramme
Cradock Spa Road
Cradock

**HOËR LANDBOUSKOOL MARLOW**
**VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS (VRL)**
**BELEIDSDOKUMENT (SEP 2026)**

## 1. DOEL VAN DIE VRL

Die VRL is 'n verteenwoordigende liggaam van die leerders wat die belange van die leerders by die skool bevorder en kommunikeer tussen die leerders en die skoolbestuur.
Aanstelling van leerders tot die VRL moet gebaseer wees op die leerder se leierseienskappe, betrokkenheid by die skool en die leerder se vermoë om effektief te kommunikeer.

## 2. SAMESTELLING VAN DIE VRL

Die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) sal bestaan uit die volgende komponente:
i. Een (1) hoofseun
ii. Twee (2) onderhoofseuns
iii. Senior (gr. 12) prefekte (8-12 lede)
iv. Junior (gr. 11) prefekte (8 lede)
v. Senior (gr. 10) leerlingraad (6 lede)
vi. Junior (gr. 9) leerlingraad (6 lede)

## 3. VERKIESINGSPROSEDURE

### 3.1 Verkiesingsdatums en aankondiging van nuutverkose VRL-lede

3.1.1 Verkiesings van VRL-lede word gedoen aan die einde van die 3de kwartaal. Die nuutverkose lede word aan die einde van die 3de kwartaal aangekondig.
3.1.2 Die drie hoofleiers word in die vierde kwartaal verkies en word tydens die prysuitdeling bekend gemaak.

### 3.2 Prefekte

3.2.1 Twee (2) groepe prefekte word tydens die verkiesing verkies:
i. Senior (gr12) prefekte - bestaande uit slegs leerders wat ten tyde van die verkiesing, in graad 11 is.
ii. Junior (gr11) prefekte - bestaande uit slegs leerders wat ten tyde van die verkiesing, in graad 10 is.
3.2.2 Die verkiesings vind jaarliks in die derde kwartaal plaas en alle Gr. 10 en 11 leerders mag hulself verkiesbaar stel.
3.2.3 Aantal prefekte wat verkies word:
i. Daar word agt (8) junior prefekte verkies vanuit die graad 10 klasgroep.
ii. Daar word 'n minimum van agt (8) en 'n maksimum van twaalf (12) senior prefekte verkies vanuit die graad 11 klasgroep.
iii. Die aantal senior prefekte wat verkies word, word bepaal deur die grootte van die graad 11 klasgroep en word as volg bepaal:
Indien die klasgroep bestaan uit 50 of meer leerders, sal daar 12 senior prefekte verkies word
Indien die klasgroep bestaan uit meer as 39 leerders, maar minder as 50 leerders, sal daar 10 senior prefekte verkies word.
Indien die klasgroep minder as 40 leerders bevat, sal daar 8 senior prefekte verkies word.
3.2.4 Leerders wat kwalifiseer om in aanmerking te kom vir die prefekteverkiesing sal deur 'n nominasieproses gaan.

3.2.5 Geskikte kandidate kan hulself nomineer of deur mede-leerders genomineer word vir die verkiesing.
3.2.6 Nominasievorms word deur die voornemende kandidaat, 'n voorsteller en 'n sekondant ingevul en onderteken.
3.2.7 Kwalifiserende en diskwalifiserende voorwaardes vir kandidaatskap word duidelik op die nominasievorm vertoon. Die nominasievorm word deur die voornemende kandidaat onderteken nadat hy homself deeglik vergewis het van die bogenoemde voorwaardes (Sien Aanhangsel A).
3.2.8 Voornemende kandidate voltooi 'n motiveringsbrief om hul verantwoordelikhede, rol en visie as voornemende prefek te omskryf (Sien Aanhangsel B).
3.2.9 'n Verkiesingskomitee, bestaande uit die skoolhoof, adjunkhoof, bestuurspanlid in beheer van leerderaangeleenthede en die personeellid in beheer van die VRL, sal die verkiesing fasiliteer en toesien dat dit regverdig en ordelik verloop.
3.2.10 Stemreg en gewigte van stemme:
Die volgende komponente van die skoolgemeenskap het stemreg tydens die verkiesing van die prefekte. Na afloop van die stemming word die onderskeie komponente se stemme afsonderlik getel en na die onderstaande persentasies verwerk.

**i. Senior (gr. 12) prefekte**

| Stemgroep | Gewig |
|---|---|
| Graad 11-leerders | 45% |
| Graad 10-leerders | 25% |
| Onderwyspersoneel | 30% |

**ii. Junior (gr. 11) prefekte**

| Stemgroep | Gewig |
|---|---|
| Graad 10-leerders | 45% |
| Graad 11-leerders | 25% |
| Onderwyspersoneel | 30% |

3.2.11 Alle stemming moet vertroulik en onafhanklik geskied. Geen kandidaat, leerder, personeellid, afrigter of ander persoon mag stemgeregtigdes onbehoorlik beïnvloed, onder druk plaas of werf om vir 'n bepaalde kandidaat te stem nie.

**3.3 Hoofleiers**

3.3.1 Die hoofseun en onderhoofseuns word verkies vanuit die lede van die nuutverkose senior (gr. 12) prefekte.
3.3.2 Die volgende komponente van die skoolgemeenskap het stemreg tydens die verkiesing van die hoofleiers. Na afloop van die stemming word die onderskeie komponente se stemme afsonderlik getel en na die volgende persentasies verwerk:

| Stemgroep | Gewig |
|---|---|
| Nuutverkose senior prefekte | 45% |
| Nuutverkose junior prefekte | 25% |
| Onderwyspersoneel | 30% |

3.3.3 Die finale evaluering en goedkeuring van kandidate vir aanstelling as hoofleiers berus by die Verkiesingskomitee. Die komitee sal, met inagneming van die verkiesingsuitslae, asook elke kandidaat se leierseienskappe, gedrag, verantwoordelikheidsin en geskiktheid vir die betrokke leiersposisie, die finale besluit neem.

**3.4 Leerlingraad**

3.4.1 Twee (2) groepe leerlingrade word tydens die verkiesing verkies:

i. Senior (gr10) leerlingraad - bestaande uit slegs leerders wat ten tyde van die verkiesing in graad 9 is.

ii. Junior (gr9) leerlingraad - bestaande uit slegs leerders wat ten tyde van die verkiesing in graad 8 is.

3.4.2 Die verkiesings vind jaarliks in die derde kwartaal plaas en alle Gr. 8 en 9 leerders mag hulself verkiesbaar stel.

3.4.3 Aantal leerlingraadslede wat verkies word:

i. Daar word ses (6) senior (gr. 10) leerlingraadslede verkies vanuit die graad 9 klasgroep.

ii. Daar word ses (6) junior (gr. 9) leerlingraadslede verkies vanuit die graad 8 klasgroep.

3.4.4 Stemreg en gewigte van stemme

i. Slegs leerders in graad agt (8) het stemreg tot die verkiesing van die junior (gr. 9) leerlingraad en elke leerder se stem het 'n stemgewig van een (1).

ii. Slegs leerders in graad nege (9) het stemreg tot die verkiesing van die senior (gr. 10) leerlingraad en elke leerder se stem het 'n stemgewig van een (1).

**4. VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE VRL EN VRL-LEDE**

4.1 Verteenwoordig die belange van die leerders gedurende skoolure, na-ure op die skool- en koshuisterrein asook tydens alle ander skoolaktiwiteite.

4.2 Dien as kommunikasiekanaal tussen die leerders en die skoolbestuur met betrekking tot kwessies relevant tot die leerders se belange.

4.3 Organiseer en neem deel aan projekte en aktiwiteite wat die skoolgemeenskap dien.

4.4 Om saam met die skoolhoof en personeel toe te sien dat daar dissipline en orde in die skool en koshuise gehandhaaf word.

4.5 Om die algemene skoolgees te verbeter deur leerders by skoolaktiwiteite te betrek.

4.6 Om positiewe gesindhede teenoor die skool en skoolgaan te kweek.

4.7 Om as skakel tussen die leerders en die personeel te dien.

4.8 Om leerkragte by die aktiwiteite van die VRL te betrek.

Geteken te Cradock op hierdie 6de dag van September 2026

Lappies Labuscagne
(SBL Voorsitter)

Graham Bellingan
(Skoolhoof)

**AANHANGSEL A**

## HOËR LANDBOUSKOOL MARLOW
## AANSOEK OM IN AANMERKING TE KOM VIR DIE VERKIESING VAN PREFEKTE

Hiermee doen ek, ________________________________________________, aansoek om op die nominasielys geplaas te word vir die komende verkiesing van prefekte vir die Hoër Landbouskool Marlow vir die jaar _________.

Ek besef om in aanmerking te kom ek waardegedrewe moet wees, oor leierseienskappe moet beskik en vir Marlow en sy leerders altyd bokant eie belange sal moet stel. Ek besef dat om prefek te wees 'n voorreg is wat verdien moet word deur harde werk, opofferinge en dat my gedrag en drag altyd voorbeeldig en volgens die gedragskode van die skool moet wees. Ek besef dat ek indien ek verkies sou word tot prefek die etos, tradisies, waardes, dissipline en beeld van die skool altyd eerste kom, en dat ek altyd as ware ambassadeur van die skool moet optree. Ek besef dat die geluk van elke leerder belangrik is en dat daar van my verwag sal word om so op te tree dat elke leerder my sal vertrou en sal weet dat ek die belange van die skool dien.

Ek besef ook dat ek nie in aanmerking kan kom vir bogenoemde verkiesing indien ek my skuldig maak aan een of meer van die volgende nie, en my daarom nie sou beskikbaar stel indien ek volgens genoemde kriteria nie kwalifiseer nie:

1. Ek twee of meer afsonderlike kategorie C-oortredings, volgens die detensiestelsel, in hierdie jaar gekry het.
2. Indien ek rook of my skuldig gemaak het aan growwe wangedrag.
3. Indien ek sukkel om respekvol en met waardigheid teenoor my meerderes en minderes op te tree.
4. Ek nie my skool ten volle dien (sport en kultuur) ten opsigte van buitemuurse aktiwiteite nie.
5. Die skool, onder leiding van die verkiesingskomitee, het die reg om nominasies te keur en indien nodig, van die nominasielys te verwyder, met inagneming van die leerder se algemene gedrag en dissiplinêre geskiedenis.

Dit sal vir my 'n voorreg wees om die Hoër Landbouskool Marlow as leier te dien. Ek besef dat hierdie aansoek geen waarborg is dat ek wel op die nominasielys geplaas sal word nie en ek besef dat indien my naam wel op hierdie lys geplaas word, my verkiesing as prefek uiteindelik sal afhang van die wil van die leerders en personeel van die skool om my te verkies al dan nie.

| Leerder wie se naam op die nominasielys moet wees | Leerder wat die kandidaat nomineer/voorstel | Leerder wat die kandidaat se nominasie sekondeer |
|---|---|---|
| Handtekening (Kandidaat) | Handtekening (Nomineerder) | Handtekening (Sekondant) |

Datum: ______________________________

**AANHANGSEL B**

Vir aandag: SBS van die Hoër Landbouskool Marlow

**IN SAKE: MOTIVERINGSBRIEF AS VOORNEMENDE LID VAN MARLOW SE VRL**

Geagte lede van die Marlow skoolbestuurspan

Vriendelike groete!

VOLLE NAAM EN VAN: ______________________ HANDTEKENING: ____________

DATUM: ______________